Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus genees die blinde

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest
Alastair Paterson

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Bartimeus 'n blinde bedelaar het langs die pad na Jerigo gesit en bedel. Sommige goedhartige mense het dalk vir hom geld of kos gegee as hulle verbygegaan het. Bartimes kon nie werk nie, want hy kon

nie sien nie. Daarom het hy gebedel.

Een dag, was die pad na Jerigo baie besig. Bartimeus het baie voetstappe gehoor en geweet iets is besig om te gebeur. Hy het gou geleer wat is besig om te gebeur.

Jesus van Nasaret was in die stad.
Skares het bymekaargekom om
Jesus te sien en te hoor.

"Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Hoekom het Bartimeus uitgeroep? En hoekom het hy gedink Jesus kan hom help? Miskien het hy van ander gehoor dat Jesus mense kan gesond maak.

Sommige was doof, sommige dom, sommige kreupel – en sommige blind, soos Bartimeus.

"Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Bartimeus het aanhoudend geroep. Sy stem was baie hoopvol.

Bartimeus was
seker van een ding.
As hy nie nou hulp
kry nie, hy nie weer
'n kans sou kry nie.
Jesus mag dalk
nooit weer
hierlangs kom nie.

Bartimeus moes
net Jesus bereik.
Die mense het
egter nie
beweeg nie en
net met hom
geraas.
"Sssssshh!" het
hulle gesê.
Bly stil.

Bartimeus het net al hoe harder uitgeroep. Skielik het Jesus gaan staan en gesê: "Roep hom nader". Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: "Hou moed! Staan op! Hy roep jou."

Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan.



"Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?" het Jesus gevra. Hoe sou jy geantwoord het? Sou jy vir 'n klomp geld of mooi nuwe klere gevra het? Is dit wat Bartimeus wou hê?





Nee, die blinde Bartimeus het nie vir goud of mooi klere gevra nie.
Jy weet waarvoor het hy gevra.

“Rabboeni,” sê die blinde man vir Hom, “dat ek kan sien.”

Om die bome en die voëls en al die mooi dinge wat God gemaak het te kan sien. Hy wou graag sien sodat hy vir himself kan sorg en nie hoef te bedel nie.



Jesus sê daarop vir hom: "Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered."

Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan. Al wat hy kon sê was "God is wonderlik! Hy het my genees!" Dit was 'n wonderlike oomblik vir Bartimeus.

Al die mense wat dit gesien het,
het God geloof.
Weereens het hulle
die wonderlike krag
van God se seun,
Jesus, gesien, om
vir 'n blinde
bedelaar sig
te gee.

Jesus genees die blinde

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Markus 10 (Bl 63 NT), Lukas 18 (Bl 108 NT), Johannes 9 (Bl 136 NT)

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is,
se die volgende vir God:

Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag!
Johannes 3:16